



Opgeskeep met jou man se skroewedraaiers en tange? Maak 'n netjiese sak daarvoor en bêre dit op 'n plek waar hy vinnig die hand daarop kan lê

deur CAROL STONE

GEREEDDSKAPHOUER

BENODIGDHEDE: 1 m rooi seildoek, 140 cm breed; 7 m geel galon, 4 cm breed.

AANWYSINGS: Vou seildoek oorlangs dubbel met verkeerde kante opmekaar om 'n reghoek van ongeveer 50 x 140 cm te vorm. Boor een van kort rafelrande met geel galon om. Vou dié rand 20 cm breed om om 'n groot sak te vorm (A op diagram). Stik synate van sak met agtersteek toe en stik 'n ry agtersteekstiksel 12,5 cm van elke syrand

af om drie afskortings (sakke) in sak te vorm.

Vou rafelrande van twee 20-cm-stukke galon om, stik galon met agtersteek in posisie vas soos B op diagram aandui en kap rande om. Vou rafelrande van twee 60-cm-stukke galon om en stik dié stukke met agtersteek in posisie vas soos C op diagram aandui. Stik rytjies stiksel 5 cm uitmekaar dwarsoor galon om afskortings vir ge-

reedskap te vorm soos op foto gesien kan word.

Boor oorblywende drie rande van gereedskaphouer met geel galon om en werk houer af deur oorblywende galon in twee stukke van 90 cm elk te knip en die stukke op rand van houer vas te werk asof hulle verlengstukke van stroke C is. Dié bande word gebruik om houer toe te bind wanneer nie in gebruik nie.

